[7]

L220292

**PERSVERKLARING UITGEREIK DEUR SY EDELE APPèLREGTER R J GOLDSTONE, VOORSITTER VAN DIE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK INSAKE DIE VOORKOMING VAN OPENBARE GEWELD EN INTIMIDASIE**

Die informele versoek wat gerig was aan die President van die Pan Africanist Congress (PAC) het verband gehou met die besorgdheid van die Kommissie rakende werklike en potensiële geweld en intimidasie gepleeg deur gewapende persone, wat in Suid-Afrika en elders opgelei is. Die PAC het egter verkies om die versoek wat aan hulle gerig was aan die groot klok te hang.

Die Kommissie oorweeg of die aangeleentheid van gewapende groepe wat dade van geweld pleeg of dreigemente van geweld in Suid-Afrika maak, of die Suid-Afrikaners intimideer die onderwerp van 'n ondersoek behoort te wees. So 'n ondersoek moet binne die wydste moontlike raamwerk geskied.

Totdat 'n besluit oor die aangeleentheid geneem is en die mandaat vir so 'n ondersoek gefinaliseer is, het die Kommissie besluit dat dit onvanpas sal wees om die teenwoordigheid van 'n getuie van slegs een groep wat moontlik relevante getuienis kan aflê af te dwing. Dit mag aanleiding gee tot 'n persepsie van partydigheid deur die Kommissie.

Indien so 'n ondersoek 'n aanvang neem, sal die Kommissie geen ander keuse hê as deur sy bevoegdhede die teenwoordigheid van persone wat geag word oor relevante inligting te beskik en weier om vrywilliglik te kom getuig, af te dwing nie.

Die Kommissie strewe daarna om 'n einde te bring aan die geweld wat ons land teister. Dit is jammer dat die PAC onwillig is om hom by hul inisiatief aan te sluit op die voorwendsel dat die Kommissie nie wettig is nie.